Kleinveeteling en BLUP – Opsomming

8 Oktober 2008, Grootfontein LBK, Middelburg

Sprekers tydens die BLUP 20jarige inligtingsdag: Johan Swart, John Stretton, Robbie Wardle, prof. Almero de Lange, Ben Brynard, Mercellene van Rooyen, prof. Fanie Schoeman en dr Buks Olivier.

Aanwending van BLUP deur 'n Telersgenootskap - Marcellene van Rooyen

Watter dier / teler is die beste? Die beste is dit wat meer geld vir die kommersiele boer beteken. Gebruik rekords en BLUP om verskille in prestasie oor omgewings te kan vergelyk en vordering in die ras tov ekonomiese eienskappe te monitor. Die beskikbaarheid van teelwaardes verseker dat 'n genootskap innoverend kan wees sonder die stremming van tradisionele praktyke en gedagtes.

Aanwending van BLUP deur kuddeboer - Robbie Wardle

Vir die gewone "farmer" klink die word BLUP skrikwekkend, dit is iets wat ek behoort te verstaan maar min van weet. Boere dink dat niemand hom iets kan leer, as hy iets nie verstaan nie, maak hy dit gou af as "nonsense". BLUP is net nog 'n stuk gereedskap, gebruik dit, hand en oog is ook stuk gereedskap, gebruik dit. Nog beter gebruik dit saam. Kan duidelik die sukses van die tegnologie in kudde sien ten opsigte van meer geld per dier. As u vir alles wat "vreemd" is bang is, sal ons ooit vooruit kan gaan?

Moets en moenies rondom BLUP tegnologie - Johan Swart

Belangrik om op die regte dinge in u boerdery te konsentreer. U teeltdoelwit en rekordhouding moet volhoubaar wees en bereikbaar wees binne 5 jaar. Bly weg van "oorvoer" en "oorlewing" praktyke. Vermy klein groepies, dit lewer min bruikbare inligting. Pasop om met sekere eienskappe weg te hardloop. Neem die reaksie → gevolg beginsel in ag. Byvoorbeeld, seleksie vir groei gee beter groeisnelheid, meer bespiering en beter bouvorms, maar moeder-eienskappe verlaag en geboortegewig neem toe. Probeer om die balans tussen belangrike eienskappe te behou. Sonder meting en BLUP teelwaaardes is dit nie moontlik om hierdie balans te handhaaf nie.

Feite en mites rondom BLUP tegnologie - Prof Fanie Schoeman

As u na 'n spesifieke dorp wil gaan kan u 'n GPS gebruik om daar uit te kom. Die GPS sal u neem na die plek waarheen u wil gaan. Die seleksiedoelwit is die PLEK en BLUP tegnologie is die GPS. U moet eers weet wat u wil bereik (u seleksiedoelwit) voordat u BLUP tegnologie kan gebruik. Dikwels hoor mens iemand praat van 'n BLUP ram. Het u al gehoor van 'n GPS dorp? Ook hoor mens van "BLUP is gevaarlik". Weereens BLUP is die gereedskap om by die doelwit te kom, dit is eerder die doelwit wat gevaarlik moet wees. "Iemand wat BLUP vir foute wil blameer is soos iemand wat die ys in sy dop vir sy "hangover" wil blameer". ■